**Die nageslag van Kain en Set**

**Gen 4:16-26**

**28 Mei 2023**

1. Vantevore: Abel was tipe van nageslag van die vrou, Kain was tipe van die nageslag van die duiwel. Weens Kain se harde hart is sy offer nie deur die Here met guns beskou nie, hy bekeer hom ook nie al word hy telkens deur die Here gekonfronteer. Abel se hart was sag, en ontvang uit genade velklere van die Here.
2. Die nageslag van Kain (Gen 4:17-24)
    a. Kain se vrou was waarskynlik ook dogter van Adam en Eva (Gen 5:4)
    b. Kain se seun is Henog – vernoem sy stad, sy bron van vertroue, na Henog (v17)
    c. Selfs Kain (duiwel) se nageslag neem deel aan skeppingsopdragte – algemene genade van die Here
    d. Henog se nageslag: Irad, Megujael, Metusael, Lameg (v18)
    e. Lameg:
        - Twee vrouens – erger sonde (vgl Gen 2:24)
        - Seuns dra by tot ontwikkelings in landbou, kultuur, tegnologie – algemene genade van die Here (v20-22)
        - Lameg skuldig aan ongepaste, oordadige, herhaalde vergelding (v23-24)
            - Vgl Mat 18:21-22
    f. Nageslag van Kain eindig met Lameg
    g. Vergelyk geslagsregisters in Gen 4 en 5: Henog en Lameg kom in beide voor
        - Henog (Set) leef naby die Here, Henog (Kain) vertrou op stad
        - Lameg (Set) smag na troos, Lameg (Kain) wil 77 maal wraak neem
3. Die nageslag oor Set (Gen 4:25-26)
    a. Nog ‘n seun – Set (beteken: aanstel/voorsien) (v25)
    b. Eva verwys spesifiek na die Here wat ander nasaat voorsien – beter begrip aan die noodsaak vir die Een uit haar nageslag as met Kain se geboorte (Gen 4:1)
    c. Set het ook ‘n seun – Enos (beteken: swakheid/broosheid) (v26)
    d. Abel, Set en Enos – besef swakheid en afhanklikheid van die Here – begin om die Naam van die Here aan te roep (V26)
4. Geskiedenis van die skepping van die hemel en die aarde (eerste toledot – Gen 2:4-4:26)
    a. Gen 2 – die Here se ideaal vir die mensdom
    b. Gen 3 – die mens misluk, die Here oordeel oor die sonde, neem die verantwoordelikheid
    c. Gen 4 – die resultaat in die praktyk
5. Implikasies
    a. Ongelowiges dra ook by om te heers oor die skepping deur ontwikkelings in kultuur en tegnologie. Gelowiges mag dit gebruik mits hulle besin oor:
        - Hoe dit ontwikkel is
        - Die doel waarvoor dit gebruik word
        - Dat tegnologiese / kulturele ontwikkelings nie die finale doel is nie
    b. Beide die nageslag van die duiwel en die vrou bestaan steeds. Die nageslag van die duiwel sal egter finaal verdwyn. Nageslag van die vrou sal altyd bestaan.